Reproduced by Sabinet Online. Copyright of this material belongs to the publisher of this article


# Arm raad 'betaal miljoene vir verblyf'

**Susan Cilliers**

Ses raadslede in die Matlosana-munisipaliteit in die Klerksdorp-omgewing en hul familielede word glo sedert September 2019 teen sowat R3,3 miljoen in 'n gastehuis in Stilfontein gehuisves.

Tonie Meiring, raadslid vir die Onafhanklike Belastingbetalersvereniging in Suid-Afrika (Irasa) in dié munisipaliteit in Noordwes, skat meer as 40 mense wat lede is van die uitgebreide families van raadslede woon teen R546 000 per maand daar.

Intussen is die munisipaliteit se geldsake beroerd. "Die munisipaliteit kan nie eens diesel vir die gholfbaan koop wanneer kampioenskappe gehou word nie. Die klublede moet dit self doen," het Meiring gister gesê. "Daar word maande gewag dat goedere gelewer word omdat die munisipaliteit nie sy rekening betaal nie."

Volgens Meiring is die huise van die betrokke raadslede in September 2019 in onluste in die Khuma-township naby Stilfontein beskadig. Die skade aan die huise en aan munisipale eiendom was sowat R18 miljoen.

Die raadslede moes voor of op 7 Oktober 2019 alle bewyse van skade indien, maar vyf van die ses het nie. "Indien 'n raadslid nie aan die bepalings voldoen het nie, word die versekeringsvoordele verbeur."

Meiring sê die munisipale raad het nogtans, sonder om sy eie beleidsvoorskrifte hieroor na te kom, alternatiewe huisvesting vir die raadslede en hul uitgebreide families teen R546 000 per maand in 'n gastehuis goedgekeur.

"Ingevolge die munisipale beleid kan alternatiewe huisvesting in sulke gevalle net in hoogs uitsonderlike omstandighede tot twee maande verskaf word."

Volgens Meiring het die raad aanvanklik beweer die versekeraar Sasria sou verantwoordelik wees vir die fisieke skade en die koste van altesame R3,3 miljoen vir die alternatiewe huisvesting.

"Nou aanvaar Sasria nie verantwoordelikheid vir die bedrag nie weens die versuim om die prosedures na te kom."

Ntswaki Makgetha, woordvoerder van die Matlosana-munisipaliteit, het bevestig die raad het op 11 November 2019 besluit om die geraakte raadslede in Khuma se verblyf vir ses maande te verleng.

Sy het nie kommentaar gelewer op die bedrag wat glo reeds betaal is, of gesê wie vir verdere betalings gaan pa staan nie.

